Christelike Biblioteek

# Hy vertoorn Hom uit liefde

In ons samelewing is die toorn van God ŉ taboe onderwerp. Mense praat nie daaroor nie. En onder Christene? Het ons nie ŉ beeld van ŉ liewe God nie? Een vir wie alles goed is, en alles maar aanvaar nie? Baie Bybelgedeeltes getuig direk van sy toorn. Ons doen Hom ŉ onreg aan as ons sy woede negeer of verswyg. Hy toorn nie lukraak nie; Hy is nie maar sommer net kwaad nie; Hy vertoorn Hom met reg. Hy vertoorn Hom uit liefde. Wie dit ontken, ken Hom (nog) nie.

## Werklik

Die toorn van God hang oor die wêreld soos ŉ dreigende wolk (Romeine 1:18). Elke mens, of hy dit erken of nie, het elke dag met dié werklikheid te doen. Ander beelde wat die Bybel vir die toorn van God gebruik, is ŉ verwoestende storm (Jesaja 24:1), ŉ verterende vuur (Deuteronomium 32:22), ŉ watervloed (Hosea 5:10).

> *Hy verlang nie daarna*
> *om toornig te wees nie,*
> *Hy verlang daarna*
> *om genadig te wees.*
> *(Jesaja 30:18)*

God is elke dag toornig (Psalm 7:12). Daar gaan nie ŉ dag verby waarop God nie aan sy heilige verontwaardiging uiting gee nie. Dawid bring dit in direkte verband met God as die regverdige Regter. Die toorn van God is sy reaksie op growwe onreg. Ons moet ewewel nie net dink aan onreg wat mense aangedoen word, en wat teen alle gevoel van regverdigheid indruis nie. Dit gaan in die eerste plek oor God self. Hý word in sy eer aangetas. Hý word onreg aangedoen, nie die minste nie deur ontkenning van sy goddelike aanwesigheid. God laat die onreg nie sommer by Hom verbygaan nie. Hy is, om dit so te stel, emosioneel by hierdie wêreld betrokke. Die mensewêreld en alles daarop en daarin, raak sy hart. Dit gaan telkens oor diep en heilige verontwaardiging as reaksie op wat mense Hom en mekaar aandoen.

## Nie wesenlik

God is liefde, sê Hy van Homself. Nooit word van Hom gesê: God is toorn, nie. Dit is veelseggend. Dit laat sien dat die toorn, hoe werklik ook al, nie wesenlik is nie. Dit wil nie sê dat dit nie eg is nie, maar dat dit eintlik teen sy wese ingaan. Met die woorde van Calvyn: Hy is nie toornig van inbors nie. Sy heilige verontwaardiging word uitgelok, want sy toorn is die reaksie van sy heilige liefde op onreg en liefdeloosheid. So ŉ reaksie van Hom is eintlik vreemd (Jesaja 28:21). Dit gaan teen sy natuur in en pas nie by Hom nie. As sy toorn ontsteek, wend Hy sy aangesig van mense af (2 Kronieke 30:9) of Hy verberg sy aangesig (Psalm 13:2). Hy doen dit nie graag nie (Klaagliedere 3:33). Hy verlang nie daarna om toornig te wees nie, Hy verlang daarna om genadig te wees (Jesaja 30:18).

## Beheers

Dit is dan ook nie verniet dat die HERE self as sy kenmerkende eienskap noem dat Hy lankmoedig is nie (Eksodus 34:6; lees ook Jona 4:2). Dit beteken letterlik dat Hy nie gou kwaad word nie. Keer op keer hou Hy Hom in (Eksodus 32:12; Jesaja 54:7; Hosea 11:8). Hy vertraag, Hy stel uit. God







vaar nie sommer uit nie. Hy word nie deur sy woede oorrompel nie, nog minder oormeester dit Hom. Sekerlik is Hy ook nie onbeheers, met die een onverwagte uitbarsting na die ander, nie. Vandaar dat 'woede' nie die regte uitdrukking is vir sy toorn nie. Sy toorn is altyd beheers, en daarom is dit uniek.

## Verontwaardigde liefde

Wanneer die toorn van God in die Bybel ter sprake is, is dit meestal uit liefde. Die uitdrukking 'toorn van die HERE' word dan met die Godsnaam 'Jahwe' gebruik, waarin die verbintenis met sy volk tot uitdrukking kom. Toorn is die gloeiende liefde wat God kenbaar maak wanneer sy volk die band met Hom verbreek en agter ander godhede en groothede aan loop en flirt. Hy kyk nie geduldig toe by die owerspel van sy volk nie (lees Hosea 1). Sy toorn is die uitdrukking van sy persoonlike emosie. Dit gryp Hom aan die hart. Die profeet Hosea laat God in sy gekwetste liefde ken (Hosea 11:8-9). Ook by Amos blyk hoedat dié toorn en liefde saamhang (Amos 3:2). God is in sy liefde gekrenk. Daaruit spreek sy bittere teleurstelling en hewige verontwaardiging. Juis omdat dit sy eie volk is wat dit aan Hom doen, ontbrand sy liefde in vurige toorn. Dit is 'n emosionele reaksie op liefdeloosheid, ontrou en verraad (Numeri 25:3; 32:10-15). Hartstogtelik en opreg. Ook in die Nuwe Testament blyk hoedat God uiters gevoelig is vir gebrek aan lewende omgang met Hom (Matteus 18:34; 22:13; 25:12; 25:26) en hoe gesteld Hy is op 'n heilige lewe by sy volk (1 Petrus 1:15-17; Hebreërs 12:27-29).

## Altyd geregverdig

Van mense kan ons vra of hulle woede geregverdig is. By God is sy toorn altyd geregverdig en opreg. Ons verstaan dit nie altyd nie, soos in die geval van Ussa wat gekeer het dat die ark val (2 Samuel 6:7). God reageer met toorn op skending van regte van mense en op sosiale onreg (Amos 5:7-12); en nie minder nie as mense opgaan in boosheid en lus na geweld (Jona 1:2; Jesaja 10:15). Soos reeds gesê, sien mens daarin die skending van God se eie reg (Psalm 97). Hy het reg op sy volk en reg op sy eer! Ongelowige politiek (Hosea 7:11), ondankbaarheid in die woestyn (Numeri 11:1), hardnekkige onwilligheid om Hom te dien (Eksodus 16:23, 28; Jeremia 4:22 e.v.); dit alles roep sy toorn op en Hy toon sy hewige verontwaardiging. Ook die Seun van God het, in navolging van sy Vader, dieselfde toorn laat sien met die reiniging van die tempel (Johannes 2:13-17) en in sy reaksie op die koue Fariseïsme (Markus 2, 3).

## Nie vir altyd nie

'Al laat Hy ons 'n oomblik bewe, sy goedheid duur ons ganse lewe' (Psalm 30:3 berym). Dié pragtige vers tipeer ook God se toorn. God is lankmoedig; Hy word nie vinnig kwaad nie; Hy sien ook van sy toorn af; Hy behou sy toorn nie vir altyd nie (Psalm 103:8,9; Jeremia 32:37). Die Woord van God ken uitsprake oor die ewigheid van sy liefde, maar nie oor ewige

*Dit is dan ook nie verniet dat die HERE self as sy kenmerkende eienskap noem dat Hy lankmoedig is nie (Eksodus 34:6; lees ook Jona 4:2). Dit beteken letterlik dat Hy nie gou kwaad word nie. Keer op keer hou Hy Hom in (Eksodus 32:12; Jesaja 54:7; Hosea 11:8). Hy vertraag, Hy stel uit. God vaar nie sommer uit nie. Hy word nie deur sy woede oorrompel nie, nog minder oormeester dit Hom. Sekerlik is Hy ook nie onbeheers, met die een onverwagte uitbarsting na die ander, nie. Vandaar dat 'woede' nie die regte uitdrukking is vir sy toorn nie. Sy toorn is altyd beheers, en daarom is dit uniek.*

toorn nie (Jesaja 54:7-8). Hy het 'n fyn gevoel vir inkeer van mense (Jona 3-4) en vir 'n gebroke hart. Hy wend sy toorn weg wanneer die stryd gestry is (Jesaja 40:2), die straf gedra is en versoening gedoen is (Levitikus 17:11). Die HERE laat Hom ook deur gebed oorreed (Eksodus 32:11), al kan Hy dit ewegoed verbied (Jeremia 7:16), en is dan onverbiddelik.

> *Jy kan liefde en toorn nie omdraai, asof dit verwissel kan word nie. In God se verhouding met die mens is die toorn 'n veranderlike; die liefde 'n konstante.*


God het alle rede om van sy toorn af te sien. Hy is getrou aan sy verbond (Eksodus 32:13, 14). Hy wil nie sien dat sy eie volk verniel word nie. "...*my hart is omgekeer in My*," sê Hy wanneer Hy sien hoedat sy hele volk dwing om onder te gaan (lees Hosea 11:7 e.v.). Hoeseer hulle dit ook al verdien, Hy kan dit nie oor sy hart kry om sy volk te vernietig nie. Hierdie goddelike ommekeer is onbeskryflik (Jeremia 31:20).

Maar daarby is die HERE ook jaloers op die eer van sy Naam (lees byvoorbeeld Eksodus 20:7; Levitikus 19:12; Jesaja 42:8; 48:11; Jeremia 7:30; 14:15; Esegiël 20:9, 14, 22; Maleagi 1:6; 2:2). Moses herinner hom daaraan (Eksodus 32:12), wysend op die moontlike spot van die Egiptenare: dit is mos nie hoekom Hy sy volk bevry het nie! As God van sy toorn afsien, vind Hy die rede daarvoor in Homself. Hy laat sy hart uit grondelose barmhartigheid spreek.

## Dinamies

Dit is nie moontlik om dit alles in een samehangende geheel saam te vat nie. Hoe sou God Hom dan ook ooit in menslike skemas laat opneem? Wat duidelik is, is dat God sy toorn kan laat vaar (Jona 3:10; Jesaja 12:11; Hosea 11:9), maar Hy laat vaar nié sy liefde nie (1 Johannes 4:9-10). God is nie iemand wat 'n wrok koester nie (Miga 7:18; Jeremia 3:5). Tog is daar 'n God-vyandige mag, wat só 'n aartsvyand is dat God nie sy toorn daarvan afwend nie (Jesaja 34; Jeremia 49:7; Esegiël 35). Daar bestaan so iets soos "*groot smaadheid, vir ewig afgryslik*" (Daniël 12:2).

Verskeie teoloë het al gepraat oor 'n "oorwig van liefde". Jy kan liefde en toorn nie omdraai, asof dit verwissel kan word nie. In God se verhouding met die mens is die toorn 'n veranderlike; die liefde 'n konstante. Die toorn gaan nie in die liefde op nie, want by die refrein in God se Woord "*Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid*" (Psalm 145:8) klink daar ook "*wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie*" (Numeri 14:17). Liefde is sy prioriteit en toorn nie sy inbors nie; Hy word *'n vergewende God* genoem én *Een wat wraak oefen* (Psalm 99:8). Sy liefde is nie liewigheid nie, maar heilig, kragtig en dinamies. Sy toorn kom voort uit sy liefde. God se vrye keuse om sy toorn te laat vaar al dan nie, moet met heilige ontsag gerespekteer word.




## In Christus

In die lewe van die Seun van God op aarde, veral aan die einde daarvan, kom huiweringwekkend na vore hoedat toorn en liefde saamgaan. Sy hele optrede staan in die teken van die toorn en die liefde van God (Johannes 3:16; 3:36). Sonder Hom bly die toorn van God op ons mense, omdat dit onmoontlik is om te voldoen aan wat Hy van ons as skepsel verwag (Efesiërs 2:8-10). Christus red van die komende toorn; Hy, wat soos geen ander nie, laat ons in die liefde van sy Vader deel. Oor Hom het die heilige verontwaardiging oor óns onreg, tekortkominge, ongeloof, wantroue en liefdeloosheid gekom. Hy het die beker van God

se toorn tot die droesem toe gedrink (Matteus 26:39, 42). Die orkaan van God se toorn het op Golgota gewoed. Die hitte van God se verterende vuur én die liefde vir mensekinders word tasbaar. God se liefde doen nie te kort aan dit waarop Hy reg het nie.

God het sy liefde en toorn duidelik in die sterwe van sy Seun laat sien. Wie Hom nog steeds afwys, lok sy heilige verontwaardiging uit soos nooit tevore nie (Hebreërs 12:18-29). Die verwerping van hierdie liefde is erger as enige skuld of gebreke van watter aard ook al. Niks is erger nie! "*Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom*" (Johannes 3:36; lees ook 12:46). Net die Seun verlos ons van die toekomstige toorn (1 Tessalonisense 1:10). Ook hier is die Vader en die Seun volstrek één (Johannes 10:30). Die toorn van die Lam oorval diegene wat sy liefdevolle selfoorgawe verag (Openbaring 6:16; 16:19). Die toorn van Christus self kan mens net uit sy liefde verstaan; dit is gekwetste, gekrenkte liefde. Hoe beter jy sy liefde leer ken het, des te meer sal jy sy toorn vrees; maar gelukkig is hy wat by Hom skuil.

*Die toorn*
*van Christus self*
*kan mens net uit sy*
*liefde verstaan;*
*dit is gekwetste,*
*gekrenkte liefde.*
*Hoe beter jy*
*sy liefde leer ken het,*
*des te meer*
*sal jy sy toorn vrees;*
*maar gelukkig*
*is hy wat by Hom skuil.*

## Helder

Ek wys ten slotte op die see van glas in Openbaring 15. Die volk van God is gered, en staan aan die ander kant. Die see is glashelder, soos kristal, deurskynend tot op die troon van God. Maar ook met 'n rooierige gloed soos van vuur; die gloed van sy toorn, sy verontwaardigde liefde en sy heilige geregtigheid. Almal sal dit eenmaal erken: Here, U is regverdig (Openbaring 15:4). Vandag is die oordele van God nog nie altyd deursigtig nie. Maar dán sal ek, in die lig van Christus, helder en duidelik sien dat die toorn van God volledig en volkome regverdig is, en gloei van liefde. Niemand het die wêreld só liefgehad soos Hy nie.

E Brink

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is vertaal deur Nic Grobler*